NG KERK ALGEMENE SINODE MODERATUUR
MEDIAVERKLARING

30 April 2015

TRAGEDIE IN NEPAL

Die Moderatuur van die NG Kerk se Algemene Sinode volg die ontvouende tragedie en ramp van die aardbewing in Nepal noukeurig. Ons is geskok oor die dood, trauma en verwoesting wat ons sien. Die skok en seer van ons eie landgenote raak ons diep. Ons woorde is min in die besef van die broosheid van hierdie aarde en ons bestaan.

Ons wil die mense van Nepal verseker van ons voorbidding. Ons doen 'n beroep op ons gemeentes en lidmate om vir dié land en haar mense in te tree by die Here wat in Christus Jesus kom wys het hoe Hy omgee vir alle mense.

Ons is innig dankbaar oor ons sendelinge in die omgewing wat daadwerklik saam met talle ander organisasies hulp verleen. Ook hulle word aan die Here opgedra.



Dr Kobus Gerber
Algemene Sekretaris / General Secretary
Nederduitse Gereformeerde Kerk / Dutch Reformed Church
Posbus 13528 ✉ PO Box 13528
Hatfield, 0028 Hatfield, South Africa, 0028
☏ +27 (12) 342 0092
🖷 +27 (12) 342 0380
📱 +27 82 895 5680
kobusg@ngkerk.org.za
algemenesinode@ngkerk.org.za